

Geloof: om te oorwin en aan God se beloftes vas te hou

- Geloof is om te *oorwin*

In Christus is ons meer as oorwinnaars. Dink maar hoe die jongman Josef in die vreemde Egipte aan sy geloof vasgehou het. En hy het selfs gevra dat sy liggaam in die beloofde land begrawe word. Moses het gekies om eerder sleg behandel te word as om die kortstondige genieting van die sonde te hê (Heb 11:25). Christus was vir hom 'n groter rykdom as die skatte van Egipte. Daarom het hy op bevel van die Here die Pasga ingestel en gelowig saam met sy volk hierdie maaltyd geniet terwyl die verderfengel die Egiptenaars getref het. Hulle het in die geloof oorwin toe hulle op droë grond deur die Rooisee getrek het en dieselfde Rooisee die Egiptenaars verswelg het. In die geloof het hulle die heidense stad Jerigo ingeneem. So het manne deur die geloof, oorwinningsgeloof, letterlik koninkryke verower. Dink maar aan Gideon en Daniël. En vroue het hulle kinders uit die dood lewend terug ontvang. Martelare deur die eeue is vir hulle geloof doodgemartel maar hulle het standvastig in die geloof volhard en geglo dat God vir hulle die ewige lewe skenk. Is ons ook bereid om as geloofsoorwinnaars te volhard – onder alle omstandighede? 2 Korintiërs 2:14 sê die Here *voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus. Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos 'n aangename geur. Versprei ons lewe die oorwinning van Jesus Christus?*

- Geloof is om God se *beloftevervulling* raak te sien

Aan die belofte van 'n talryke nageslag het Abraham, die vader van die gelowiges onwrikbaar vasgehou – ook toe hy en Sara baie oud was. Hy was selfs bereid om sy seun Isak te offer omdat hy geglo het dat God by magte was om hom uit die dood op te wek! (Heb 11:18). Jakob was die seun van die belofte vir Isak en hy is geseën bo Esau – teen vader Isak se persoonlike voorkeur in. So het talle gelowiges in die geloof gelewe en gesterwe. *In die geloof het almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet* (Heb 11:13) – die ewige stad en vaderland wat God vir hulle belof het.

Geloof is om aan God se beloftes vas te hou – teen alle menslike berekening en beredenering in. Hou ons so aan die Here en sy beloftes vas?

Sing: Psalm 105:1, 5 (1936)